

**“Dis die diep waters wat ons leer swem. Die opdraandes wat ons fiks maak. Die vasklou wat ons sterk maak. Die uithou wat ons wenners maak, maar dis ons geloof in ‘n Almagtige God wat alles die moeite werd maak...”** ‘n Aanhaling deur M.P.

Johannes vorder fluks met sy program. Hy staan steeds soggens met ‘n lied in sy hart op en sy eerste woorde is altyd: “Wat doen ons vandag, Mamma?” Februarie-maand was gesaai met nuwe uitdagings asook heerlikhede.

Ons het ‘n groot plat koffietafel by ‘n tweedehandse winkel gaan koop sodat Gordon vir Johannes makliker op die perd, Jack, kan lig. Johannes word langer, groter en swaarder en Gordon raak ook ouer. Ons het eers vir Kobie gevra om te kom kyk of die tafel sterk genoeg is om twee persone te dra. Jack moes ook aan die tafel gewoond raak en moes eers snuffel en snuif voor hy die gedoente goedgekeur en vertrou het.

Johannes en tannie Helga vorder goed met die Duitse lesse. Sy praat met hom en vra vrae en hulle twee lag en gesels vrolik voort. Partymaal voer Helga ‘n hele Duitse gesprek met my en alhoewel ek destyds tot Graad 12 Duits op skool gehad het, moet ek haar daaraan herinner dat my huistaal eintlik Afrikaans is. Helga is vol humor en ‘n goeie leermeester vir Johannes.

Annelize Bergh bied die Biologie opwindend aan. Hulle proe vitamines, stysels ens. en luister ook hoe ‘n onderwyser die werk by sy skool aanbied. Trina van Schalkwyk het ingestem om Johannes met Afrikaans te help. Hulle spel, soek sinonieme en beantwoord allerhande vrae. Johannes se vriend, Chris, kom “speel” en gesels ook elke Dinsdag na skool vir ‘n halfuur. Hulle speel “carpet bowling”, kaart of “30 Seconds” en gou-gou is die tyd verby en die pret klaar. Baie dankie aan hierdie nuwe persone wat Johannes se lewe opkikker en hom help leer en sosialiseer. Ook ‘n spesiale dank aan elke Versorger wat weekliks getrou op hulle pos by Damsingel 8 is.

Dankie ook aan Constant Varley en sy helpers by die NG Kerk Lourensrivier wat Sondae vir Johannes by die Kategese ontvang en akkommodeer. As alles goed verloop, sal Johannes vanjaar aangeneem en voorgestel word.

Johannes het ook hierdie maand met sy drie nuwe studente van die Universiteit van Stellenbosch begin oefen. Hulle is Chanté, Donna en Megan en hulle drie beplan groot dinge vir hierdie jaar. Hulle het tot vir Johannes by die Universiteit se gimnasium ingeskryf sodat hy met ander, gevorderde apparaat kan oefen wat meer uitdagings aan hom stel.

Johannes was ook bevoorreg om ‘n nuwe rolstoel te kry. Na 7 jaar het die “Road Accident Fund” gereageer en kon ons die nuwe stoel deur middel van hulle bekom. Dis ‘n ingevoerde, baie ligter model wat dit vir ons as ouers makliker maak om te hanteer. Johannes is nog besig om al die funksies van die stoel onder die knie te kry. Hy moet ook op ‘n ander manier in die stoel klim. Dankie aan Mark en Liz wat die reëlings getref het en die passings tuis kom doen het.

#### **Pittige sêgoed uitgedink deur Johannes:**

- Kan ‘n mens in die see astant (strand) wees?
- Kan net pro’s Prozyden drink?
- Waar doen eekhorings hulle inkopies? Natuurlik by Ackermanns! (Akkermans)

#### **Gebedsversoeke:**

- Vir Johannes se volgehoue vordering en entoesiasme
- Vir krag en liefde vir elke Versorger
- Vir geduld en fisiese krag vir my en Willem
- Dat Johannes se bene sterker sal word sodat hy weer op sy eie sal kan loop
- Dat sy oë sal herstel en weer kan sien

Mag die Here julle almal seën en bederf met Sy goedheid en guns.

Tot volgende maand. Anelé

## Foto's Vorderingsverslag 78



Johannes en tannie Trina wat Afrikaans gee



Johannes en Annelize Bergh na die Biologie - klas



Johannes en Chris speel "30 Seconds"



Saam met Suzaan (kuns) by ons rooi agterdeur



Saam met die nuwe studente: Chanté, Megan en Donna



Mark pas en verstel Johannes se nuwe rolstoel